Net vir dogters

Die Privaatskool Elnatan is trots op die dogters wat hier skoolgaan en die naam van die skool hoog hou deur hulle voorkoms en gedrag.

HARE

Hare moet te alle tye netjies vertoon. Kuif mag nie oor die oë hang nie. Hare moet vasgemaak word met ‘n swart of navy blou rekkie as dit aan die kraag begin raak. Hare mag nie gekleur of gegolf word nie. Swart haarnaalde , “grippies” of silwer knippies moet gebruik word om hare netjies weg te steek. Dun oranje of blou linte is toelaatbaar. Wanneer ‘n dogter inskryf as leerling by Elnatan, onderskryf sy daarmee die grondslag van die skool.

1. Daar word van elke dogter verwag om:

* Die beginsels waarop die skool gevestig is te alle tye uit te leef en ‘n voorbeeld te wees vir medeskoliere.
- Die beeld van die skool uit te dra en te bevorder.
- Bedagsaamheid te toon teenoor minderes.
- Respek te betoon aan meerderes en onderwysers.
- Eiendom van die skool en ander instansies te respekteer en op te pas.
- Opdrag i.v.m. akademie getrou uit te voer.
- Billike opdragte buite akademiese verband na die beste van sy vermoë, uit te voer.
- Skoolaktiwiteite by te woon ten volle geklee in sy skooldrag soos voorgeskryf.

2. Die volgende skooldrag word deur die Direksie aan die dogters voorgeskryf:

Somersdrag: Graad 1 – 12

- Grys romp
- Ligblou hemp met skoolwapen
- Grys sokkies met blou strepe
- Swart skoolskoene

Wintersdrag: Graad 1 – 7

- Grys langbroek
- Hemp: lang/kort ligblou hemp met skoolwapen
- Navy trui
- Navy warm baadjie met skoolwapen
- Oranje serp (opsioneel)

Wintersdrag: Graad 8 – 12

- Hemp: Lang/kortmou ligblou hemp met skoolwapen
- Grys romp of grys langbroek
- Grys kouse/navy tights
- Swart skoolskoene
- Navy trui
- Navy baadjie met skoolwapen
- Das met skoolwapen
- Oranje serp (opsioneel)

3. Reëls om netheid by dogters te bevorder:

- Geen ander juweliersware as horlosies en oorknoppies/oorringetjies van silwer of goud mag gedra word nie en slegs in die onderste gaatjie.
- Geen ander versiersels (oorringe/tongringe) of van watter aard mag gedra word nie.
- Naels moet kort en skoon wees. Naellak is nie aanvaarbaar nie.
- Kougom-kou in skool- en sportdrag is nie aanvaarbaar nie.

Hierdie reëls is nie nie daar gestel om jou as individu in te perk nie, maar eerder om die vroulikheid in jou totaliteit te ontwikkel en te lei.

In Privaatskool Elnatan werk ons graag met fyn opgevoede dames ….
Dames na God se hart.